



434

R-DV
V-LETTER/S/INITIALS

2
BAAL/BALE No.

BKB

43413

R-DV
V-LETTER/S/INITIALS

1
BAAL/BALE No.

A

BKB

⊖ deur Clarence Friskin

DIE KORT EN LANK VAN SKEERINTERVALLE

Tydens die NWKV se nasionale kongres was daar 'n versoek dat 'n onafhanklike ondersoek ingestel moet word oor skeerintervalle (ses, agt en 12 maande), die voordele daarvan, asook die ekonomiese implikasies vir die wolboer.

(BLAAI OM)

Die afgelope seisoen of twee het ons gesien dat al hoe meer produsente elke ses maande begin skeer. Baie syfers word in die bedryf genoem oor die voor- en nadele hiervan. Die Britstown-jongooiprojek het die afgelope twee jaar juis hierdie tendens ondersoek.

Altesaam 16 produsente het elkeen 10 ooitjies vir die projek (160 ooitjies) ingeskryf, waarvan elke produsent vyf ooitjies in die sesmaandegroep, en vyf ooitjies in die agtmaandegroep gehad het. Hierdie ooitjies is onder dieselfde omstandighede op dieselfde plaas oor hierdie tydperk bestuur. Die sesmaandegroep is vier keer in hierdie tydperk geskeer, en die agtmaandegroep drie keer. Gedurende dié tydperk was daar ook 'n

uiters droë tydperk, wat 'n werklikheid in elke boerdery is.

Die uitslae van hierdie projek word vervat in tabel 1. Hieruit kan ons sien dat daar 'n wesentliche lengteverskil – gemiddeld 21 mm – tussen die twee groepe was. Let op die variasie in lengte in die twee groepe. Onthou dat dit verskillende produsente se ooie is wat nou onder dieselfde omstandighede gehanteer word.

Wat die totale massa geskeer oor die twee jaar betref, het die sesmaandegroep 270 g (2,84%) meer wol geskeer as die agtmaandegroep. Die gemiddelde wolprys was oor die twee jaar R2,79/kg (3%) beter vir die agtmaandegroep. Dus het die agtmaandeeskeersel R1,51/kg meer oor die tydperk genereer as die sesmaandeskeersel. Dit is nie 'n noemenswaardige verskil nie.


Tabel 1: Britstown se jongooiprojek

Groep	Gemiddelde stapellengte	Wolmassa oor 2 jaar	Gemiddelde wolprys per kg	Wolwaarde oor 2 jaar
6-maandegroep (Skeer – Mrt, Sep)	46 mm (min: 35 mm; maks: 63 mm)	9,78 kg	R92,81	R907,65
8-maandegroep (Skeer – Jun, Mrt, Okt)	67 mm (min: 44 mm; maks: 81 mm)	9,51 kg	R95,60	R909,16
Verskil	21 mm	-0,27 kg (2,84%)	R2,79 (3,0%)	R1,51


Tabel 2: Skeerkoste-berekening

Groep	Aantal skaap	kg wol geskeer per skaap oor 2 jaar	Totale kg wol oor 2 jaar	Skeerkoste/kop	Skeerkoste/skeer	Skeertye/2 jaar	Totale skeerkoste oor 2 jaar	Skeerkoste/kg
6 mde	80	9,78 kg	782,4 kg	R12	R960	4	R3 840	R4,91
8 mde	80	9,51 kg	760,8 kg	R12	R960	3	R2 880	R3,79
Verskil		0,27 kg (2,84%)					R960 (33,3%)	R1,12 (29,7%)

Figuur 1: Persentasie lotte (MF 4 & 5) per lengtekattegorie, 2013 – 2016



Figuur 2: Drie-jaar-gemiddelde skoonwolprys per kg, 2014/15 – 2016/17



Wat van skeerkoste?

Tabel 2 bevat 'n skeerkoste-berekening. Hieruit kan ons sien dat bykomende skeerkoste sowat 33% meer was vir die sesmaandeskeersel, of per kilogram was die skeer van die sesmaandeskeersel R1,12/kg, oftewel sowat 30% meer, met effens meer kilogramme geskeer vir hierdie groep. Dus, rofweg vir elke 100 skaap geskeer gaan 'n sesmaande-skeerinterval jou sowat R1 000 meer kos aan skeerkoste in vergelyking met 'n agtmaande-skeerinterval.

Wat het die wolmark oor die afgelope twee jaar gewys?

Vanuit figure 1 en 2 kan ons die volgende sien:

- Die kortwol- (40 mm tot 60 mm) aanbieding op veilings het oor die afgelope vier seisoene meer geword en die

hoeveelheid langer wol (70 mm tot 90 mm) het afgeneem.

- Die gemiddelde prysverskil t.o.v skoonwolpryse tussen wol van 70 mm tot 80 mm en wol van 50 mm tot 60 mm is \pm R6/kg skoonwol.

Kommentaar en aanbeveling

- Gebruik die skeerinterval wat die beste inpas by jou huidige bestuursprogram, maar neem ook ekonomiese faktore in ag.
- Let wel, dat hierdie projek gedoen is in 'n spesifieke gebied (ekstensiewe toestande) oor 'n tydperk van twee jaar met jongooie. Resultate kan moontlik anders wees vir ander gebiede met ander toestande.
- Laat lengte die bepalende faktor wees vir jou skeerinterval – vir goeie kamwol moet die stapellengte ten minste 62 mm tot 65 mm wees.
- Kortwol is gekoppel aan modegiere, en dus baie wisselvallig.
- Suid-Afrikaanse kopers wil nie sien dat die Suid-Afrikaanse skeersel slegs 'n aanbieding van kortwol raak nie.
- Dit gaan op die ou end oor vraag en aanbod; indien die aanbod van kortwol oorvloedig word, gaan dit 'n verdere negatiewe effek op pryse hê. 